**9 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 12:1-19**
**Fokusgedeelte: Handelinge 12:5, 12**

## Wees eerder verbaas as jou gebede nie verhoor word nie!

In die boek Handelinge is daar ’n deurlopende patroon wat ons baie oor gebed leer: Daar is krisisse, die gelowiges bid en God gee uitkoms!

Hier sien ons weer bogenoemde patroon baie duidelik! Jakobus word doodgemaak en Petrus word gevange geneem en streng in die tronk bewaak. Wat doen die gemeente daaraan? Vers 5 sê: “So is hy dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid.” Wat is die gevolg van hierdie aanhoudende gebed? God stuur sy engel om Petrus op ’n wonderbaarlike manier te bevry!

Petrus se eerste reaksie is om dadelik na die gemeente toe terug te gaan, na die huis *waar baie van hulle bymekaar was om te bid* (:12). Toe hy daar aan die deur klop, was Rodé, die diensmeisie, so bly toe sy hoor dit is Petrus dat sy nie die deur opmaak nie, maar binne gaan vertel dat Petrus by die deur staan. Die gelowiges glo dit nie en sê dat sy mal is en dat dit seker Petrus se gees is! Ja, dieselfde mense wat aanhoudend vir Petrus tot God gebid het, se gebed word verhoor, maar hulle glo dit nie! Bid ons nie soms ook maar met die idee dat wat ons vra tog nie kan gebeur nie?

Bid saam vir die volgende:

- Dat ons ook so ’n biddende gesin en ’n biddende gemeente sal wees wat *aanhoudend tot God bid*.
- Dat ons eerste reaksie in ’n krisis ook sal wees om aanhoudend te bid.
- Dat ons met die verwagting sal bid dat God dit wat ons vra, vir ons sal gee.
- Dat ons eerder verbaas sal wees as ons gebede nie verhoor word nie.

*Sing: Skrifberyming 75 (15-1):1, 2*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*